

# Die Seën

# Die inseëning van baba .

Gebore ..... dag (.....) die ..... van die ..... maand  
(.....) 20.... om ....uur in die .....  
..... word gedoop deur .....

Ek haal van die volgende woorde aan uit Deut.32:4 aan as volg:

Luister, o hemele, dat ek kan spreek, en laat die aarde hoor die woorde van my mond, ja almal hier vergader as getuie. Gee grootheid aan onse VADER! Die Rots, volkome is Sy werk want al Sy weë is straf gerigte, 'n VADER van trou en sonder onreg; regverdige en reg is Hy, verpletter die lendene van die wat teen Hom opstaan en Hom haat. Erken SY Seun YHUH tans YAHUSHA. Kyk tog uit U Afgesonderde woning, uit die hemele neer en seën die nuweling aan ons en sy ouers gegee.

## Gebed van bereiding.

YAHUSHA U dié Gesalfde, ons glo dat U die Seun van VADER en die enigste weg na HOM is en dat U aan die folterpaal vir ons oortredinge gesterf het en weer opgestaan het uit die dood. Ons lê al ons rebellie af en al ons oortredinge, en ons onderwerp onself aan U as dié Gesalfde. Ons bely al ons wetsoortredinge voor U en vra vir U vergifnis in alle wetsoortreding wat ons gedoen het, waarvan U dit aan die vloekhout blootgestel het. Bevry ons van die gevolge van ons voorvaderlike oortredinge.

Met die keuse van U wil, vergewe ons die wat gevra het, wat ons skade berokken het of seergemaak het, so wil ons hê VADER dat U ons ook sal vergewe.

Amein

..... jy het deur jou vrou ..... 'n seun ontvang daarom die erkenning en vrymaking deur die geloof en dank aan VADER daarvoor. .... jy en ..... het van VADER ontvang waarvan ons weet dat alles aan HOM behoort. Dus behoort klein baba ..... aan VADER, waarvan julle as ouers die verantwoordelike is om hom vir VADER op te voed na die beste van julle vermoë. Met die voorreg, versorg en vertroetel dit wat aan VADER behoort.

Julle begeerte was om julle kind in te seën en name aan hom toe te voeg. Neem dus tog die seën van vandag as "n seël op hom tot uitwysing dat hy aan VADER behoort soos dit in Open.9:4 staan.

Pa, .....

Ma, .....

**Spreek die woorde met die olie op die voorkop en kroontjie:**

Ontvang die name, klein nuweling, deur jou ouers gegee nl:

.....

Ek spreek die volgende seëninge oor jou uit soos dit VADER behaag in Hand.3:26 *VADER het, nadat Hy SY Kind YAHUSHA opgewek het, Hom eers vir julle gestuur om julle te seën ...* Daarom ontvang ons die seën as "n seël van VADER (Open.9:4).

- 1) Mag VADER jou gee van die dou van die hemel en van die vet grond van die aarde en oorvloed van koring en mos.
- 2) YHUH sal jou liefhê en jou seën en jou vermenigvuldig.
- 3) YHUH sal jou die kop en nie die stert maak nie, en jy sal net boontoe en nie ondertoe laat gaan nie.
- 4) YHUH sal die vrug van jou liggaam seën en oorvloedig gee die vrugte van jou land, jou koring, jou mos en jou olie, die aanteel van jou beeste en die aanteel van jou kleinvee.
- 5) YHUH sal Sy goeie skatkamer, die hemel, vir jou oopmaak om die reën van jou land op die regte tyd te gee en om al die werk van jou hand te seën; en jy sal aan baie uitleen, maar self nie hoef te leen nie.
- 6) YHUH sal jou seën in al die werk van jou hand wat jy doen.
- 7) YHUH sal met jou wees in die stad en Hy sal met jou wees in die veld.
- 8) YHUH sal met jou wees in jou mandjie en jou bakskottel.
- 9) YHUH seën jou by jou ingang, en jou uitgang.
- 10) YHUH sal jou gebied in jou skure en in alles waar jy jou hand aan slaan.
- 11) YHUH sal jou seën in die land wat Hy jou sal gee.
- 12) YHUH sal die getal van jou dae vol maak.
- 13) YHUH sal elke krankheid van jou wegneem en al die kwaai siektes.
- 14) YHUH sal siektes uit jou midde verwyder, daar sal geen mis dragtige of onvrugbare in jou nageslag wees nie.

Ons sing "n liedjie: Die hemelse venster staan ope.

Sluit met die seën in gebed Num. 6:25–27:

YHUH sal jou seën en jou behoed.

YHUH sal Sy aangesig oor jou laat skyn en jou goedgunstig wees.

YHUH sal Sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee.

---

Seën jou seun as huisverlater.

*Luister, o hemele, dat ek kan spreek, en laat die aarde hoor die woorde van my mond. Gee grootheid aan onse VADER! Die Rots, volkome is Sy werk want al Sy weë is straf gerigte, 'n VADER van trou en sonder onreg; regverdig en reg is Hy, verpletter die lendene van die wat teen Hom opstaan en Hom haat. Kyk tog uit U Afgesonderde woning, uit die hemel, neer en seën my broer, 'n Israeliet, in dit wat U hom gaan gee, soos U aan ons vaders met 'n eed beloop het. Deut. 32:4*

Gebed van bereiding.

YAHUSHA dié Gesalfde, ek glo dat U die Seun van VADER en die enigste weg na HOM is en dat U aan die folterpaal vir my oortredinge gesterf het en weer opgestaan het uit die dood. Ek lê al my rebellie af en al my oortredinge, en ek onderwerp myself aan U as dié Gesalfde. Ek bely al my Wetsoortredinge voor U en vra vir U vergifnis in enige Wetsoortreding wat my aan 'n vloek blootgestel het. Bevry my van die gevolge van voorvaderlike oortredinge.

Met die keuse van U wil, vergewe ek die wat gevra het, wat my skade berokken het of seergemaak het, so wil ek hê VADER dat U my ook sal vergewe. Ek verwerp alle kontak met enige okkultisme of Sataniese dinge. As ek enige "kontak of voorwerpe" het, besluit ek om hulle te vernietig. Ek kanselleer al Satan se aansprake op my. YAHUSHA, ek weet verseker dat elke vloek wat ooit na my toe kan kom, U reeds na die folterpaal geneem het, dus vra ek U om my vry te maak van enige vloek in my lewe – in U naam YHUUH Shua! Ek ontvang my vrymaking nou deur geloof en ek dank U daarvoor. VADER ek open myself nou om U seën te ontvang op elke manier wat U dit wil gee.

**Spreek die woorde:**

- 1) Mag VADER jou gee van die dou van die hemel en van die vet grond van die aarde en oorvloed van koring en mos.
- 2) YHUUH sal jou liefhê en jou seën en jou vermenigvuldig.
- 3) YHUUH sal jou die kop en nie die stert maak nie, en jy sal net boontoe en nie ondertoe laat gaan nie.
- 4) YHUUH sal die vrug van jou liggaam seën en oorvloedig gee die vrugte van jou land, jou koring, jou mos en jou olie, die aandeel van jou beeste en die aandeel van jou kleinvee.
- 5) YHUUH sal Sy goeie skatkamer, die hemel, vir jou oopmaak om die reën van jou land op die regte tyd te gee en om al die werk van jou hand te seën; en jy sal aan baie uitleen, maar self nie hoef te leen nie.
- 6) YHUUH sal jou seën in al die werk van jou hand wat jy doen.
- 7) YHUUH sal met jou wees in die stad en Hy sal met jou wees in die veld.
- 8) YHUUH sal met jou wees in jou mandjie en jou bakskottel.

- 9) YHUH seën jou by jou ingang, en jou uitgang.
- 10) YHUH sal jou gebied in jou skure en in alles waar jy jou hand aan slaan.
- 11) YHUH sal jou seën in die land wat Hy jou sal gee.
- 12) YHUH sal die getal van jou dae vol maak.
- 13) YHUH sal elke krankheid van jou wegneem en al die kwaai siektes.
- 14) YHUH sal siektes uit jou midde verwyder, daar sal geen mis dragtige of onvrugbare in jou nageslag wees nie.

Geseënd is hulle wat jou seën, en vervloek is hulle wat jou vervloek!  
 Luister na die gebooie van YHUH jou Skepper, sodat Hy jou sal seën in al jou inkomste en in al die werk van jou hande. Jy moet YHUH jou Skepper dien; dan sal Hy jou brood en jou water seën. Feeste moet jy hou; drie maal in die jaar moet al jou manne voor die aangesig van YHUH jou Skepper verskyn op die plek wat Hy sal uitkies; op die fees van die ongesuurde brode (*Pasga*) en op die fees van die weke (*Pinkster*) en op die Tabernakel (*Insamelings*) fees; en julle mag nie met leë hande voor die aangesig van YHUH verskyn nie. Gedenk die Sabbatdag, dat jy dit Afsonder. Ses dae moet jy arbei en al jou werk doen; maar die sewende dag is die Sabbat van YHUH jou Skepper; dan mag jy géén werk doen nie—jy of jou seun of jou dogter, of jou dienskneg of jou diensmaagd, of jou vee of jou vreemdeling wat in jou poorte is nie. Loop nooit agter ander gode aan om hulle te dien wat jy nie geken het nie. Jou naaste wat vyandig is teenoor jou moet jy liefhê; seën die wat vir jou vervloek, doen goed aan die wat jou haat, en bid vir die wat jou beledig en jou vervolg. Gee aan elkeen wat jou iets vra, en eis jou goed nie terug van hom wat dit neem nie. Wees eensgesind, medelydend, vol broederliefde, ontferming en vriendelik. Vergeld geen kwaad met kwaad of skeldwoorde met skeldwoorde nie, maar seën inteendeel. Weet dat julle hiertoe geroep is, sodat julle die seëninge kan beërwe. YHUH sal jou bevestig soos Hy jou dit gesweer het as jy die gebooie van die Hom hou en in Sy weë wandel. Jy mag nie regs of links afwyk van al die woorde wat ek jou vandag beveel nie.

Sluit met die woorde in *Num. 6:25–27*:

YHUH sal jou seën en jou behoed.  
 YHUH sal Sy aangesig oor jou laat skyn en jou goedgunstig wees.  
 YHUH sal Sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee.

Halleluja.